

# DIE SKIETLOOD

Uitgawe 122 - 20 Oktober 2017 saam  
met Koersvas 122



## Reformasie 2017 – 500

*Hierdie toespraak is deur dr Johan Otto gelewer tydens die Calvinistiese Alliansiese (jaarlikse) kongres:*

Die geleentheid om na te dink oor die viering van die 500 jaar bestaan van die Protestante kerk is noodsaaklik. Hierdie artikel het ten doel om die Reformasie se boodskap weer toepaslik te maak in die 21e eeu. Dit sal gou duidelik word dat elke nuwe geslag inderdaad voor dieselfde uitdagings geplaas word, al is dit vanuit 'n ander oord. Om kerk in konteks te plaas, is dit nodig om terug te gaan na die begin.

Die eerste vier eeue van die Christenkerk was gekenmerk deur 'n oorlewingstryd. Christene is vervolgd op grond van hulle geloof. Die keuse ten opsigte van gesagvolle dokumente was nie-amptelik en gegrond op inhoudelike gesag. Die eerste Christene het die outeurs van die Bybelboeke persoonlik geken, het die kern van die boodskap rakende Jesus verstaan, dit aangegryp en verkondig. Hierdie aangrypende boodskap het al hoe meer mense tot geloof gebring, tot op die dag dat 'n heerser tot geloof gekom het. Enige verdagmakery deur ongelowiges of postmoderniste wat wil beweer dat die Evangelie bloot die resultaat is van menslike arbeid, is van alle waarheid ontbloot. Die Bybel was nie die resultaat van 'n konsilie-besluit nie. Onder leiding van die Gees en met eerstehandse kennis in pag, het gelowiges die kanon aanvaar. Die basiese boeke van die Bybel en die kern van die leerstukke was reeds gevestig voor die vervolging van die kerk einde gekry het.

'n Nuwe politieke situasie het daartoe gelei dat gelowiges openlik en amptelik byeen kon kom en amptelike besluite kon neem. Die eerste konsilies het byeen gekom en moes op amptelike manier besluite neem om sodoende kettery uit te

wys en aan te spreek. Teen die einde van die vyfde eeu na Christus was die basiese beginsels van die Christelike leer uitgepluis. Die basiese dogmas is geformuleer in antwoord op die dwalings uitgedink deur die eerste kettere. Daar is niks nuuts onder die son nie. Alle kettery na die vyfde eeu is eintlik maar herhalings van kettery van die eerste vyf eeue van die Christelike geloof.

'n Duisend jaar van vrede en mag het die kerk nie bevoordeel nie. Die kloosters was inderdaad eilande van kennis en toewyding. Die amptelike strukture van die kerk was nie so onbesproke in terme van lojaliteit nie. In die elfde eeu na Christus het die kerk in twee geskeur op grond van 'n woord wat in die Latyn vertaling van die Niceense belydenis gevoeg is. Die *filioque* wat te Toledo in 589 nC bygevoeg is en in 1054 nC tot die skeuring van die Katolieke kerk gelei het, is 'n kontrovers wat steeds een van die redes is vir die bestaan van 'n Westerse (Roomse) trajek en 'n Oosterse (Grieks- en Russies Ortodoks) trajek. Die Oosterse trajek van die Christendom het as voertaal by Grieks gebly, met groot klem op liturgie en die mistiese van die erediens. Min klem is geplaas op leerstellings en dogmas.

Die Westerse trajek van die Christelike geloof het in Latyn gedink en aanbid. Daar was meer klem op leerstellings en suiwer dogma is ywerig verdedig. Klemverskuiwings en menslike vergrype het die Westerse Roomse kerk in 'n krisis laat beland. Hierdie krisis het gemanifesteer in die reaksie van die Reformasie. Die intense aard van die krisis kan afgelei word uit die spoed waarmee die Reformasie versprei het en ondersteun is. Dit was veral die aflaatstelsel wat in die spervuur was. Aflaat kan eintlik terug gevoer word na 'n pous (eintlik 'n reeks pouse wat strek van Pius

III, Julius II, Leo X, Adrian VI tot Urbanus VIII) wat die Vatikaan wou bou (begin 1506 nC, voltooi 1626 nC), maar nie genoeg geld daarvoor gehad het nie. Die verkoop van aflate het die eerste stukrag aan die bouprojek verleen.

Die gevolge van die Reformasie was wydlopend. Terugskouend het die Reformatore besef dat die geskiedenis teen hulle is. Die geskiedenis het duidelik uitgewys dat 'n ingesteldheid van gearriveerdheid lei tot dwaling. Dit is waarom die wekroep van *reformata semper reformanda* eie is aan Protestante. Elke nuwe geslag staan voor die gevaar van sedimentasie van betekenis aan die een kant, en nuwe uitdagings en bestaansmoontlikhede aan die ander kant. Daar moet telkens terugbeweeg word na die beginsels van die Reformasie. Hierdie beginsels kan in die vyf solas opgesom word. *Sola Fide*: Geloof alleen. *Sola Scriptura*: Die Skrif alleen. *Solus Christus*: Christus alleen. *Sola Gratia*: Genade alleen. *Soli Deo Gloria*: Aan God alleen die eer.

Hierdie vyf beginsels staan nie los van mekaar nie, speel in op mekaar en kan nie tot een reduceer word nie. Elkeen van hierdie beginsels kan gebruik word om nuwe uitdagings aan te spreek. Vyf honderd jaar na die Reformasie staan ons voor nuwe uitdagings. Al die uitdagings moet met hierdie beginsels as fondament aangepak word. Die vyf solas was ook nie saam genoem tydens die Reformasie nie. Die beginsels was wel bekend, maar die verwysing na vyf solas kom uit 'n latere era, sonder om te impliseer dat die beginsels los van die Reformasie verstaan kan word.

In wat volg, gaan ek eers die betekenis van elk van die beginsels aandui, hulle oorspronklike konteks asook hulle verwantskap met die ander beginsels. Ek gaan vervolgens moderne sake aan die orde stel wat in die huidige tydsgewrig die Evangelie bedreig – soos dit betrekking het op enige of al die beginsels. In die gees van die hervorming wil ek op

besondere wyse Martin Luther se inisiatief en insette vereer. Dit wil ek doen deur af te sluit met die beskeie formuleer van 95 stellings gerig op die uitdagings van die 21e eeu. (Hierdie stellings sal in Die Skietlood 123 gepubliseer word. Koersvas 123 en Die Skietlood 123 verskyn volgende week as spesiale uitgawes ter herdenking van die 500 jaar vieringe.

### **Sola**

Juis omdat ons in hierdie tyd van fragmentasie en relativisme leef, is die eerste saak wat ons aandag verdien, die woord *sola*. Alleen. Met uitsluiting van ander. 'Alleen' staan teenoor 'saam met ander'. Dit impliseer dat daar nie iets of iemand aanvullend is nie, dat dit nie aanvullend is tot iets anders nie. Die woord veronderstel waarheid.

Die vyf solas skeep die ruimte vir 'n oortuigde lewe van geloof. Dit verwerp die bui van 'n tyd wat geen waarheid anders as sy eie in sy taakoms krywing en roeping aanvaar nie.

Postmodernisme tref geen onderskeid tussen waarheid en iets 'as waar' aanvaar nie. Waarheid word gesien as 'n saak van konsensus met geen objektiewe aspek daaraan verbonde nie. Die premisse is dat invloedryke mense by wyse van konsensus die sogenoemde waarheid konstrueer.

Die mensdom se kollektiewe besluit word as waarheid aangebied sonder dat daar 'n eksterne verwysing is. Mense besluit arbitrêr wat waar is. Sodoende kan geen onderskeid getref word tussen subjektief en objektief nie, daar is geen eksterne anker of referent wat waarheid bepaal nie. Lyotard het postmodernisme definieer as die verwerp van meta-narratiewe omdat sodanige meta-narratiewe verstaan moet word as saamgestelde stories oor die geskiedenis met die doelwitte om die mensdom se kennis en sosiale praktyke te legitimeer. Die wantroue van die nuwe ingesteldheid bemagtig sosiale konsensus en keer die mens in homself.

Anders gestel, sonder 'n eksterne referent, bly die mens net met homself besig en word sake soos sosiale rekonstruksie en nuwe konsensus sake van groot belang. Volgens Ravi Zacharia is postmodernisme eintlik so oud soos die sondeval. Adam en Eva het gevra na die waarheid van die verbod en die gevolge wat aangedui is. Hulle het die absolute waarheid bevraagteken en ons betaal nou nog die prys. Teenoor hierdie bevraagteken van die eksterne waarheid wat God is, staan Protestante by "SOLA" en dan as vyf *solas* wat verskillende dimensies van God se wil openbaar.

**Sola Fide:** Geloof alleen.

Hierdie 'geloof' is baie spesifiek in terme van inhoud. Dit is geloof in God Drie-Enig. Dit is die Christelike geloof. Nie net 'geloof' is ter sprake nie, dit is 'net hierdie geloof' wat bedoel word. Ander gelowe word uitgesluit, geloof as menslike geneigdheid of dalk prestasie is uitgesluit. Miljoene gelowe, Moslems ingesluit, met ander woorde ook die miljoene gelowige Moslems, word uitgesluit deur die woord '*sola*'.

Die regverdigingsleer is die konteks waarbinne hierdie beginsel afspeel. 'Waar vind ek 'n genadige God?' Hoe kan ek vreesloos voor God gaan staan? Hierdie vrae soek die antwoord op die vraag na saligheid. Die mens is sondaar en is daarom bestem tot die verdoemenis. Die mens se uitkoms is daar waar regverdiging kan geskied. Watter werke, watter gelde, watter toevoegings of gebede of vaste kan die mens red? Nie een van hulle kan nie. Regverdiging is iets wat in geloof ontvang word. Ons regverdiging lê daarin dat God ons sondes op Jesus geplaas het en in Hom ons sondigheid gestraf het en nou Christus se verdienste aan ons toereken. Hierdie dubbele genade word net in geloof aanvaar. Die gevaar bestaan dat geloof 'n nuwe werksaligheid kan impliseer. Die ydel mens wil van geloof 'n werk maak wat 'n mens red; dat jy glo, sou maklik omskakel kon word tot 'n saak van

menslike prestasie. Die konteks van geloof is daarom van uiterste belang.

Hierdie geloof is gewortel in genade. Die mens se saligheid is ten volle te danke aan genade. Dit is God se genade wat die mens se saligheid verseker. Die mens kan niks doen om sy saligheid te verdien nie. Geloof is die logiese antwoord op hierdie werklikheid. Regverdiging deur geloof is die menslike keersy van die feit dat dit God se vry wil is wat die genade gee.

In die moderne era is dit die humanisme en die verheerliking van die mens wat op besondere manier in die kollig kom wanneer ons wil praat oor geloof alleen.

Die mens en sy vermoë kom tot uitdrukking in sake soos demokrasie. Die mens se intellek het dan kwansuis ook al soveel bereik. Teenoor hierdie humanisme word die gees van die tyd teruggeruk na hierdie een waarheid. Geen stemming, geen menslike prestasie, geen menslike verdienste of barmhartigheid kan die mens red nie. Net God alleen red in genade.

Teenoor ander godsdienste moet dit ook duidelik gestel word dat ons saligheid slegs deur geloof vir ons verseker word. Teenoor die Moslems moet ons getuig dat daar net geloof kan wees, geen *djihad* of pelgrimstog of vas of ander menslike verdienste nie. Teenoor die Budhiste moet ons getuig; nie een van die volgende kan ons saligheid bewerkstellig nie, nie ons selfdiscipline, meditasie en stimulasie van *shokras* of reïnkarnasie kan ons red nie, net geloof. Teenoor Christelike sektes moet ons bevestig dat geen werkgeregtigheid geduld sal word nie, geloof is genoeg, net geloof word verwag.

**Sola Scriptura:** Die Skrif alleen.

John Wesley het gesê dat die kerk deur die Skrif beoordeel word, nie die Skrif deur die kerk nie. Die sentrale rol van die Skrif, en die Skrif alleen, mag nie onderskat word nie. Die eerste Reformatore moes die klem op die Skrif plaas teen die agtergrond van Roomse

praktyke. Tradisie, konsiliebesluite en Pouslike dekrete was almal ewe gesagdraend in die Roomse kerk. Dit was veral tradisie wat gebruik is om sekere vergrype en dwalings te regverdig. Daarmee saam is die kanon uitgebrei deur sekere deuterokanonieke boeke in te sluit.

Die Bybel bevat nie alle inligting nie, maar dit bevat alles wat ons nodig het vir ons saligheid. Indien iets nie in die Bybel gevind kan word nie, is dit nie bindend vir Christene nie. Die kerk se gesag lê daarin dat die kerk die Bybel getrou moet interpreteer en verkondig. In die konteks van interpretasie is die gedagte dat die Skrif homself interpreteer - *Scriptura sui ipsius interpres* – 'n belangrike riglyn.

Die Skrif alleen is die kerk se betroubare, voldoende en onfeilbare bron van inligting wanneer ookal sake van geloof bespreek word en besluite oor leerstellings gemaak word. Dit beteken nie dat Reformatore nie die vroeë Christene se geskrifte gelees het nie, hulle het uitgebreid aangehaal uit die eerste Christene se preke en traktate sonder om te wil aandring daarop dat hierdie geskrifte onfeilbaar geïnspireerd was. Hulle het besef dat mense sondaars is en foute maak. Chrysostomos het gestel dat Christene net een meester het en dit is nie hy nie, maar die Skrif. Die Skrif leer Christene alles wat hulle nodig het.

Die rol van die Heilige Gees moet beklemtoon word. Dit is net deur die Gees dat die Skrif ontvang en gehoorsaam kan word. Dit is die Heilige Gees wat as outeur mense oortuig van die gesag van net die Bybel alleen.

Dit is net in die Skrif waar ons lees van die genade, van geloof en van Christus. Die Bybel is die enigste bron vir verkondiging en evangelisasie. Die Reformasie het die primaat van die Skrif beklemtoon teenoor die Roomse kerk wat ander bronne soos die tradisie gelyke gesag gegee het. Hierdie gesprek gaan vandag nog voort. Die Reformasie moet egter ook opnuut hierdie wekroep opneem teenoor 'n

verskeidenheid groeperinge wat die Bybel wil relativer.

Die kerk het nog altyd die gesag van die Skrif as 'n interne gesag aanvaar. Die Bybel se gesag word erken, nie toegeken nie. Dit is nie kerklike besluite wat gesag aan die Skrif gee nie, die Skrif gee gesag aan kerklike besluite. Die belydenisskrifte is kerklike dokumente en het per konsensus gesag vir die kerk. Die enigste norm, ook vir taksering van die belydenisskrifte, is die Bybel.

Na die een kant moet gewaak word teen die liberale stroom binne die akademie. Dit is veral die ontdekkings by die Doorie See en Nag Hammadi wat gemaak het dat die voorrang van die Skrif in hierdie kringe bevraagteken word. Dit is veral bronne soos die evangelie van Tomas wat sterk op die voorgrond geplaas word. Daar is ook ander apokriewe geskrifte wat deur akademici gebruik word om die Bybel te minimaliseer. Sodanige akademici kan dalk aanspraak maak op akademiese aktiwiteite, maar is beslis nie meer besig om die Reformatoriese saak te dien nie.

Die tweede groep wat die *sola scriptura* bevraagteken, is die ekumene. Dit is veral ekumene in die breedste sin van die woord wat hiermee besig is. Strukturele eenheid en ekumene is nie 'n Skrifbeginsel nie, eenheid van geloof is 'n vanselfsprekendheid van die Skrif.

Ekumeniese aktiwiteite se horisontale aanslag kan nie tot goddelike opdrag verhef word nie. Indien die postmoderne premisse aanvaar word, volg dit logies dat die Koran, die Upanishads, die boek van Mormoon en al die ander geskrifte van gelowe geldig is, vensters na God is. Die Bybel is geen venster na God nie, God is nie 'n pou in 'n kou wat beloer kan word nie.

Die Bybel bewerkstellig 'n persoonlike ontmoeting met God, God stel Homself deur die Bybel aan ons bekend. Geen mate van menslike ordentlikheid en politieke korrektheid gaan maak dat ons God skielik langs ander weë kan ken of

sien nie. Openbaring is goddelike inisiatief en ons moet daarby berus en God soek allen in die Skrif - *sola scriptura*.

**Solus Christus:** Christus alleen.

Die tema bly maar altyd die mens, ons kan maar net nie bokant ons vasgevangene menswees uitstyg nie. Dit is in ons soeke na saligheid wat ons by 'n antwoord kom wat reeds gegee is voordat ons gevra het. Ons saligheid word verseker deur Jesus Christus, en Sy dood en opstanding alleen kan dit bewerkstellig. Ons kan deur hierdie selfde Jesus tot die Vader nader. Vreemd genoeg is hierdie antwoord nie goed genoeg vir die mens of vir die Roomse kerk nie. Die Roomse kerk se klem op Heiliges as middelaars was nog altyd vir mense 'n aanloklike gedagte.

Die heiligverklaring van Maria stel baie gerus omdat hulle via die moeder van God "meer mag" het. Bid via Maria, sy is vrou en menslik en as moeder van Jesus luister Hy na haar, jy moet tog doen wat jou ma sê!

In die tyd van die Reformasie was dit kwansuis die heiliges se oormag goeie werke (wat tot oorlopens in 'n skatkis in Rome gelê het volgens die priesters), wat gebruik is om aflate se verkoop te regverdig. Die skema het so gewerk; die heiliges het meer goeie daade verrig as wat hulle vir hulle eie saligheid nodig gehad het. Hierdie goeie daade was in bewaring by die Pous en jy kon van die goeie daade oorkoop om jou eie saligheid te verseker of om 'n geliefde van die vagevuur te red. Die moderne mens het nie meer daardie skatkis nodig nie. 'n Onderbeklemtoning van sonde het die moderne mens met 'n swak of afgewaterde sondebeseft gelaat. Daarmee saam het die nuwe interpretasie van die inklusiwiteit van die Evangelie mense oortuig dat almal eintlik op pad is na die hemel. Dit is die moderne mens beskore om goeie daade te doen en net 'n ekstra waarborg te bewimpel. Die benadering wat stel dat mens net 'n goeie lewe moet lei, is algemeen bekend en word wyd aanvaar.

Diegene wat nog erns maak met die sonde, vind wel ander maniere om Christus te kry om eenkant toe te skuif en plek te maak vir reddende sake soos spreke in tale, groot doop of selfs weer doop, die gee van 'n volle tiende en ander geloofs-handelinge wat menslike saligheid verseker. Die lys kan aangevul word deur te verwys na diegene wat barmhartigheid sien as die ekstra sleutel wat die poorte gaan oopsluit.

*Solus Christus* hou verband met die *sola scriptura* in die sin dat Jesus se geboorte, lewe, sterwe en opstanding behoortlik in die Bybel gedokumenteerd word. Ons leer net in die Skrif van Sy reddende werk. Jesus se reddende werk word toeganklike kennis vir die mens *sola gratia*; dit is net God se genade dat ons verstaan en aanvaar wat God in Christus vir ons gedoen het. Genade roep ons tot geloof en dit is deur geloof, *sola fide*, dat die objektiewe genade die mens aanraak en subjektiewe genade word, met ander woorde dat ons vir onself die redding werklik toeëien. Jesus Christus se koms en genade is alles sodat God al die eer sal kry.

**Sola Gratia:** Genade alleen.

Ons word in genade gered van God se toorn. Dit is vanselfsprekend dat gestel moet word dat dit die sonde is wat God se toorn wek. Die mens het met ander woorde self God kwaad gemaak. Hierdie kwaad noem ons toorn omdat dit 'n konsekwente verwerping is van 'n onaanvaarbare situasie. Die mens is sonder sonde geskep, het in vrede met God gelewe, kon met vrymoedigheid met God praat. Die mens is die voorreg gegee om beeldraer van God te wees. God was geensins toornig teenoor Sy skepping nie. Die mens se opstandigheid het die situasie menslik gesproke permanent verander. Dit was nie 'n eenmalige gebeurtenis wat 'n oomblik van woede tot gevolg het nie, daar was 'n wesensverandering wat 'n aanhoudende oortreding aandui. As konstante sondaar

het die mens permanent God se toorn verdien.

Sonde is die mens se onvermoë om aktief of passief gehoor te gee aan die wet van God. Ons mis almal die merk en dit ontbreek ons almal aan die heerlijkheid van God. Sonde het die mens gebind en geestelik doodgemaak. Net so min jy jou aan jou skoenveters uit 'n moeras kan trek, net so min kan die mens uit eie inisiatief of verdienste hierdie geestelike dood verander. Die mens se verdorwe natuur het enige hoop totaal vernietig. God se genade, en God se genade alleen bring die mens tot saligheid.

Die Reformatore het na verskillende kante hulself moes afgrens teenoor die Roomse denke. Die dwaling van Pelagius was wel 'n duisend jaar voor die hervorming al verwerp, maar mense wil maar altyd bydraes tot hulle saligheid lewer. Sinergisme wat stel dat daar samewerking is, word verkies bo Monergisme as die leer wat stel dat God alleen ons redding bewerkstellig. Saligheid het in Roomse denke iets geword wat 'n kombinasie is van God se genade en menslike goeie daade gedoen in liefde. Die vertrouwe wat mense in die meriete van hulle goeie daade geplaas het, het van saligheid 'n saak op 'n glyskaal gemaak. Hoe meer goeie daade die mens gedoen het, hoe minder genade het daardie mens nodig, by wyse van spreke. Genade is God se vrye geskenk wat deur die Heilige Gees onverdiend aan ons gegee word deur die versoenende werk van Jesus Christus (*solus Christus*). Hierdie genade word in die Bybel (*sola scriptura*) aan ons openbaar. Ons lees in Efesiërs 2:7-8 hoedat God ons ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot Sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. John Newton se lied "*Amazing grace*" wys dat hy begryp het dat God se onbeskryflik grote genade 'n geskenk is wat in vrye

liefde aan 'n mislike mens gegee word. Om *sola gratia* te verwerp, is om die enigste Evangelie te verwerp. Teenoor genade staan verdienste en menslike prestasie. Dit lewer mense uit aan willekeur. Geen wonder Luther het in angs uitgeroep en gewonder waar gaan hy 'n genadige God vind nie. God se genade word net duidelik indien die Evangelie se volle boodskap verstaan word.

***Soli Deo Gloria***: Aan God alleen die eer. Redding is God se geskenk aan ons, dit het begin by God en dit is tot Sy eer bewerkstellig. Ons saligheid is die dryfveer wat maak dat ons God, en net Hom, sal verheerlik vir die wonderlike genade wat Hy aan ons gee.

Die humanisme sou meer wou maak van die mens en dit wat die mens vermag. Daar is inderdaad vordering op verskillende vlakke van die mens se bestaan. Die kombinasie van prestasies wat gemaak het dat die mens se lewensverwachting meer as verdubbel het, is verstommend. Tog kan geen menslike prestasie iets van die eer en heerlijkheid van God wegneem nie. Mense strewende na sterstatus, om so verering en lojaliteit te verseker. Tog is daar een wat ware sterre geskep het en dit is net Hy wat alle adorasië verdien.

Moslems moet kennis neem dat alle eer aan God alleen toekom. Geen hoeveelheid selfmoordaanvalle met 'n geskreeu van *Allah Akbar* – Allah is groot – gaan wegneem daarvan dat alle glorie net aan God behoort nie. Respek vir mense en hulle oortuigings kan nooit maak dat ons aan God minder gee as alle eer nie. Die Reformasie het met oortuiging voortgegaan, juis in die oortuiging dat alle eer aan God gegee kan word slegs daar waar God alleen gedien word. God is 'n jaloerse God wat geen ander menslik geskepte afgod sal duld nie.

